## FETALE ALKOHOL SINDROOM

Jaarliks op **9 September** val die fokus op die hartseer van fetale alkohol sindroom wat soveel kinders in ons land 'n permanente agterstand in die lewe gee. Die simboliek van 9 September is baie belangrik in die lig daarvan dat 'n vrou 9 maande swanger is. Volgens FARR – (Foundation for Alcohol Related Research) se statistieke word ongeveer 3 miljoen mense in SA deur FAS geraak en soveel as 1 uit 4 vroue is strawwe drinkers.

Daar is soveel wanpersepsies onder swanger vroue, dat die hoeveelheid of die tipe alkohol wat hul inneem, nie hul ongebore baba sal beïnvloed nie. Die waarheid is dat alkohol, in watter vorm of hoeveelheid 'n invloed op die ontwikkeling van jou ontwikkelende ongebore baba kan hê.

Bewusmaking as voorkomingsmaatreël kan 'n positiewe invloed hê op die getal babas wat met FAS gebore word en daarom wil ***Christelike Lektuurfonds*** graag Christene aanmoedig om van die volgende ***pamfletonderwerpe*** te bestel en 'n impak daarmee in gemeenskappe te maak. Maak skole daarvan bewus, gee dit vir jou werknemers om dit verder in gemeenskappe te versprei, seën 'n gemeenskapsprojek wat met jeug werk of bestel daarvan vir gemeenskapsorganisasies en selfs die SAPD om tydens bewusmakingsaksies in gemeenskappe te benut.

- Wat doen drank aan my ongebore baba?
- Alkohol - Ken jy die feite?
- Alkohol – Hoe weet mens daar is 'n probleem?
- Iemand na aan my drink te veel
- Tieners + seks = Swanger?
-

*FARR het die volgende voorstelle vir deelnemers aan hierdie belangrike bewusmakingsdag:*

- Ontmoet op 9 September om 9:00 en deel 'n FAS-voorkomingsboodskap

- Hou 1 min van stilte om 9:08 om te dink aan individue wat deur FAS geraak word asook hul versorgers en opvoeders
- Breek die stilte teen 09:09 deur ’n klok te lui om mense te herinner om aksie te neem om bewusmaking van FAS in gemeenskappe uit te dra en swanger vroue te herinner dat geen alkohol inname gedurende swangerskap veilig is nie.
- Deelnemers word ook aangemoedig om ’n FAS knoop op 9 September te dra -
  Dit is ’n koord wat in ’n “reef knot” of Canadian knot” en simboliseer die volgende:
  - ’n Koord met uitgerafelde punte = die naelstring waardeur die baba voeding en ongelukkig ook alkohol van die moeder se liggaam ontvang
  - Knoop = hierdie tipe knoop is so sterk dat dit nie sal breek nie – inteendeel dit sal net stywer knoop. Dit simboliseer die ondersteuning wat ons swanger vroue en diegene met FAS moet gee.
  - Sirkel binne die knoop = simboliseer die uterus van die swanger vrou wat veronderstel is om ’n veilige omgewing vir die baba tydens sy ontwikkeling te wees.

FAS is 100% onomkeerbaar, maar ook 100% voorkombaar! Jy kan as Christen ’n verskil maak om die getal FAS kinders wat gebore word te help verminder.

***Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 6964***